# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:197/2006***
***DATUM:9-10-2006***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**LIONEL HERMANUS**

***CORAM:*** WILLIAMS R

# *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS R:**

1. Die beskuldigde in hierdie saak is skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 4(b) van Wet 140 van 1992 deurdat hy in besit was van 7.7 gram dagga en is soos volg gevonnis.

   "Beboet met R100, 00 of twintig (20) dae gevangenisstraf wat die hof in die geheel opskort vir twaalf maande op voorwaarde dat u nie weer skuldig bevind word aan die oortreding van artikel 4(a) of (b) van Wet 140/1992."

2. Die betrokke landdros het die saak op spesiale hersiening gestuur na hy agtergekom het dat die vonnis deur hom opgelê onvolledig is in die sin dat hy die woorde *"gepleeg gedurende die periode van opskorting"* aan die einde van die vonnis uitgelaat het.
3. Tot sy guns moet ek egter onmiddelik meld dat die

tekortkoming in die vonnis heel duidelik slegs ‘n oorsig is aan die kant van die landdros aangesien hy die voorwaarde verbonde aan die opgeskorte vonnis in sy korrekte vorm breedvoeriglik verduidelik het aan die beskuldigde.

4. Daar kan geen twyfel wees dat die volle implikasie van die vonnis aan die beskuldigde duidelik is nie en is die hieropvolgende wysiging slegs vir redes van doelmatigheid.

**Die volgende bevel word gemaak;**

**(a) Die skuldigbevinding word bekragtig.**

**(b) Die vonnis opgelê word tersyde gestel en vervang met die volgende:**

“ ’n Boete van eenhonderd rand (R100, 00) of twintig (20) dae gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir twaalf (12) maande op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan ‘n oortreding van artikel 4(a) of (b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.”

__________________________

C.C WILLIAMS
REGTER